

In paraatheid kyk ons na bo

Teks: Matteus 25: 1 - 13

Teksvers: Matteus 25: 4

1. Inleiding

Is jy gereed? wat sou u antwoord wees as ek hierdie vraag vanoggend aan u vra? Waarskynlik dit met die vraag beantwoord word wat lei "gereed waarvoor?". Sien as ons weet waarvoor ons gereed moet wees, dan kan ons mos voorbereid daarvoor. Duidelik loop gereed wees en voorbereiding hand aan hand. En daarom word daar vandag baie fokus geplaas op voorbereiding.

Goeie voorbereiding behels ook voorsiening. Om bymekaar te maak wat ek gaan nodig hê in dit waarvoor ek voorsien. Vir reis en ekspedisies is dit kos, klere en toerusting. Voorsiening vir my ou dag behels 'n groot finansiële komponent. Voorbereiding vir 'n toets of eksamen behels studies. Deel van hierdie voorbereiding is natuurlik ook bepaling. Want baie van die dinge wat ons nou opgenoem het verg hulpbronne. En hulpbronne is gewoonlik skaars.

Maar hierdie is nie sommer 'n alledaagse praatjie oor paraatheid nie. Nee, hierdie is 'n preek en meer spesifiek dit is vanoggend die voorbereidingspreek met die oog om die bediening van die heilige sakrament van die Nagmaal volgende week. Maar is daar ook in ons geestelike lewe dan hierdie gereedmaak? Is daar voorsiening wat getref moet word? Is beplanning noodsaaklik in hierdie voorsiening? En wat van die hulpbronne? Terug by die vraag in die begin. Waarvoor met ons paraat wees? Wat is dit wat hierdie voorsiening verg.

Die antwoord uit ons teksgedeelte is baie duidelik. Ons moet paraat wees, ons moet die bruidegom inwag. En daarom fokus ons vanoggend op een van die gelykenisse wat die Bruidegom self aan ons geopenbaar het, oor paraatheid. Kom

ons ondersoek die gelykenis van die 10 meisies in Matteus 25. Want in hierdie voorbereidingsdiens is dit ook vir ons belangrik om te weet of ons gereed as wanneer die bruidegom terugkom. Kom ons gaan kyk wat is nodig en waar kan ons dit vind.

2. 'n Tekort aan olie

'n Manier om die probleem in ons teksgedeelte op te som, is 'n tekort aan olie. Daar is probleme omdat daar nie genoeg olie is nie. En op 'n eienaardige manier klink dit vir ons bekend vandag. En ek praat nou nie van die wêreld se olie reserwes wat dalk sal opraak nie. Nee, ons teksgedeelte vandag het baie meer in gemeen 'n skielik beurtkrag voorkoms in die nag, terwyl jy nie gas of battery vir jou lampe gekry het nie. En boonop nog uitsien na 'n lank verwagte ontmoeting met iemand spesiaal.

Maar kom ons gaan kyk eers wat het presies in die eerste eeuse huweliksviering gebeur. Ons weet ongelukkig nie veel van die rituele rondom huweliksbevestiging in die eerste eeu nie. Maar wat ons wel aflei is dat daar soms 'n groep maagde op die bruidegom gewag het. Deel van die ontmoetings ritueel was dat hulle hom in 'n groep, elk met 'n brandende lampie ontmoet het. Hierna is hulle weg om almal saam fees te gaan vier. Maar om deel van die groep maagde te wees, moes jy 'n brandende lampie hê.

En dit is hier waar die antwoord nie maar bloot mededeelsaamheid is nie. Ons sien in vers 9 dat daar net eenvoudig nie genoeg olie in die groep is nie. Om te deel so beteken dat almal se lampies doodgaan. En dat nie een uiteindelik in die teenwoordigheid van die bruidegom welkom sou wees nie.

Soos met enige gelykenis is daar parrallele, allegorie en vergelykings wat eenvoudig gesmeek word om gemaak te word. Een vergelyking vir ons vandag is natuurlik Psalm 119:105: “¹⁰⁵U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad.” En as die Bybel die lamp is, is die olie wat hom laat werk, natuurlik die geloof wat die Heilige Gees in elkeen van ons werk. Daardie geloof wat my beweeg om uiteindelik die Bybel te lees en te bestudeer. Brand my geloof se olie waarskuwingsliggie al?

3. Van uitstel kom...

Baie keer is ons baie eerlik oor ons tekorte as dit by ons geloofslewe kom. Maar dit ook dan waar dinge wat ons genoem het inskop. Bv. beplanning. Dit werk as volg: Ek weet daar is ’n tekort in my geloofslewe, maar ek kan mos later daaraan werk. Nou is daar eers baie ander belangrike sake in my lewe. Ek beplan dus om spesifiek ’n laer prioriteit aan my geloofslewe op hierdie stadium te gee. Maar is ek nie dan maar bloot ’n dwase messie wat nie genoeg olie saam neem nie. En natuurlik die meer kommerwekkende vraag? Wat as die bruidegom kom voor ek by al my beplanning uitgekome het.

Tog is dit die tweede benadering wat meer bekommernis onder die moderne Christen gelowige skep. Dit lê in die feit dat die 5 dwase meisies wel beplan het. Maar sorgeloos, rofwerk en nie noukeurig nie. Iets van ek vat soveel olie saam en klaar, as dit genoeg is dit goed. Maar as dit nie is nie dan is dit ook maar so. Ek gaan nie enige-iets meer opoffer om te verseker dat ek die regte hoeveelheid olie saam te neem nie. As dit regtig ’n probleem word, kan ek mos later ’n plan maak.

Ongelukkig kenmerk die profesie uit 1 Petrus 3 vandag baie mense se geloofsbenadering. “Hulle sal spot ⁴en sê: “En wat het nou geword van die belofte van sy wederkoms? Ons vaders is al dood, en tog bly alles nog net soos dit

was van die begin van die skepping af.” Dit is die benadering dat die wederkoms mos nog ver is, ek kan mos later aan my geloofslewe werk. Broeder en Suster moenie dat hierdie week van voorbereiding by u verbygaan nie. Want die boodskap van ons teksgedeelte word so duidelik vasgevang in vers 13: “¹³Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens kom nie.”

4. ’n Voormak tot die huiweliksfees

As daar ’n ander duidelike komponent is, is dit bruilof viering. Dit is aangename geleentheid wanneer die vyf wyse meisies skielik feesvier saam met die bruidegom. Dit is hierdie fees wat hulle verskeie ontberings en opoffers laat deurgaen. Dit is duidelik dat die Bruidegom, ons Here Jesus Christus is. En dat die bruilofsmaal, die wederkoms is wanneer Hy Sy kerk met ander woorde ons saam met Hom sal neem.

Maar omdat mense dit so maklik vergeet, is daar nog so stukkies ekstra genade hier op aarde. Die Here stel die heilige sakrament van die nagmaal in voor Hy gaan sterf aan die kruis om ons sondes op hom te neem. En die nagmaal openbaar dan ook duidelik waaroor die Kruisiging gaan. Maar meer as dit is Nagmaal ook die maaltyd waar Christus ons versterk met Sy liggaam en bloed. Versterk so ons in paraatheid kan wag op die wederkoms.

in Beeld van die gelykenis wat ons vandag bestudeer het, kan ons sê dit is aan die nagmaalstafel waar ons olie ontvang. Waar ons geloof versterk word, terwyl ons fokus baie duidelik op die bruilof van die Lam gerig word.

Maar soos in ons gelykenis is daar verskeie maniere waarop ’n mens ook na die Nagmaal kan kom. ’n Mens kan bloot onverskillig wegbly. Dit is om nie eers een van die 10 meisies te wees nie. Of ’n mens kan sonder die nodige voorbereiding kom

aansit. Soos die 5 dwase meisies wat amper presies gaan soos hulle is. Natuurlik loop 'n mens dan die ernstige gevaar om 'n oordeel oor jouself te eet en drink. Maar laastens kan 'n mense wel die tyd van voorbereiding aanwend om gereed te maak vir die maaltyd van die Heilige Nagmaal. Om werklik seker te maak jou geloofsolie is genoeg. Sodat ons ook in paraatheid saam na bo kan kyk.

5. Slot

Ons kan afsluit deur weereens hierdie gelykenis op te som. Alhoewel 'n mens verskeie allegoriese lyne kan trek, moet 'n mens natuurlik versigtig wees. Wat wel duidelik geopenbaar word, is die boodskap van die gelykenis. Dit lê in die feit dat ons moeite moet doen met ons geloof omdat ons nie weet wanneer die Seun van die mens terrugkeer nie.

Hierdie moeite doen kan natuurlik maklik die oortuiging gee dat jy moet werk vir jou redding. Maar dit is nie die geval nie. Al tien meisies het deurentyd olie. Die gelykenis vertel ons niks van die verdienste daarvan nie. Die tien wyse meisie kies egter om die olie tot hulle beskikking optimaal aan te wend. Hulle sorg dat daar genoeg is om die bruidegom met 'n brandende lamp tegemoet te gaan.

Terwyl die 5 dwase meisie nie fokus daarop dat hulle olie genoeg moet wees nie. Sien die olie is soos die geloof, in dat dit in genade ontvang word. Ja ons weet die teks praat van die aankoop, maar nêrens skemer iets van 'n uitsonderlike hoë prys deur nie. Ons ontvang ook ons geloof sonder koste in genade van Christus. Maar ons het steeds die voorreg om die sakrament van die Nagmaal te gebruik om ons geloof te versterk. Om seker te maak dat ons altyd paraat met die oë na bo te lewe. Want ons ken uiteindelik nie dag en uur waarop die Seun van die mens kom nie.

Amen

Eerste diens

2020-10-04

3